**5 Desember**

**Skrifgedeelte: Psalm 145**
**Fokusgedeelte: Psalm 145:1**

## Ek loof God as my enigste Koning!

Lojale burgers het net een koning. Hy word gedien en vereer. Die gelowige het slegs een Koning. Jesus leer dat ons eers die koninkryk van God moet dien, en nie ons eie koninkrykies en behoeftes voorop moet stel nie. Wanneer ons God en sy koningsheerskappy beleef en ervaar, kan ons nie anders as om Hom te loof nie.

Om ons Koning te loof, mag nooit met bybedoelings wees nie. Ek prys Hom nie omdat of sodat Hy vir my goeie dinge kan doen nie. Nee, ons Koning word geloof vir Wie Hy is en vir wat sy vermoëns is. In die Psalm word Hy oor sy grootheid, magtige dade, luisterryke heerlikheid, goedheid en reddingsdade geloof. Hy is genadig, barmhartig en vol liefde.

Die lof aan God het egter ’n baie spesifieke vrug. Ek wil getuig of vertel ... sodat hulle ... My erkenning van God as my Koning, my onderdanigheid aan Hom, my oorvertel aan ander oor Wie Hy is en wat Hy doen, dra vrug ver buite my eie leefwêreld. Daniël, die jong man, se vreeslose aanbidding in die Persiese koning se paleis lei tot heidene se erkenning van die heerskappy van God.

Ons leef in ’n wêreld van vele “konings” wat vereer word. Meestal met ’n tipiese afgod-aanbiddingsmentaliteit. Ek dien my “koning” vir watter voordeel ek daaruit kan kry. As my “koning” my nie meer bevoordeel nie, soek ek ’n ander een. Hierdie konings van ons samelewing is mense, politieke partye, materiële belange, ideologieë, eiebelang, ensovoorts. Almal inperkend en verslawend. Daarom is die lof aan die ware Koning wat vir ewig oor alles en almal heers, ’n unieke en buitengewone klank.

Vertel ander van Hom wat jy loof. Kennis van Hom lei tot geloof en onberekenbare seën. Sy koninkryk verlos mense van ’n koningsdiens wat deur inflasie opgevreet word.

*Sing: Psalm 145-1:1, 2*

*Dr. WC (Callie) Opperman (Windhoek-Suid)*